

Plaas vertrouwe in Afrika se transformasie

Die SA batebestuursbedryf kan met die bestes ter wêreld vergelyk word, en hy kan in die volgende dekade of twee 'n leier met die deurbraak na nuwe Afrika-markte wees.

Só sê Deon Gouws, uitvoerende hoof van RMB Asset Management, wat onlangs in 'n toppos by Credo Group in Londen aangestel is.

Hy wys op verskeie Afrika-entiteite wat 'n goeie balansstaat het en gesonder lyk as baie van dié in ontwikkelde lande. Hy hou ook van Afrika omdat sy kans op oorverhitting kleiner as dié van groter ontwikkelende markte is.

Leon Kok het met hom oor dié uitdaginge en 'n paar ander sake gesels.

■ Wat sal jy oorsee doen?

Ek skuif as beleggingshoof na Credo oor. Dis 'n taamlik klein onderneming, wat beteken dat ek ook nou by sakeontwikkeling betrokke sal wees.

Ná 16 jaar in die streng institusionele omgewing sien ek daarna uit om regstreeks met kliënte te werk, en om op kliëntstrategie te konsentreer.

Dit sal lekker wees om vir 'n kliënt te sê:



Deon Gouws

“Wys vir my jou balansstaat; kom ons praat oor oogmerke; dan kan ons die toepaslikste strategie bepaal; en ná 'n tydperk kan ons die prestasie met die strategie en die ooreengekome oogmerke vergelyk.” Terloops, ek meen nie noodwendig dat bestuurders wat laer opbrengs teiken, dwaas is nie – dit hang af van hoeveel risiko jy in die eerste plek bereid is om te loop.

■ Wat het jou by Momentum laat weggaan?

Soos jy weet, het RMBAM en METAM saamgesmelt. Beduidende herstrukturering het plaasgevind en dit het in groot mate tot heromskrewe rolle gelei. My rol as die uitvoerende hoof van RMBAM was grootliks in die konteks van 'n alleenstaande onderneming, met 'n heeltemal bemagtigde bestuur. Dié bestuur bestaan nie werklik meer nie – dis grootliks by Momentum ingeskakel. Die rol van uitvoerende hoof verskil daarom heelwat van die pos wat ek beklee het.

■ Toe jy aan die hoof van Sanlam se multibestuurderonderneming in Londen gestaan het, het jy sowat 150 beleggings-groepe en -fondse oor die wêreld heen besoek. Hoe vergelyk die SA fondsbedryf uit dié wye oogpunt met sy portuurgenote in die eerste wêreld?

Die antwoord bevat verskeie elemente, maar ek reken dat SA ten opsigte van vaardighede en prosesse op gelyke voet met die grootste deel van die eerste wêreld is. In SA kom uitnemendheid plek-plek voor wat met die beste ter wêreld vergelyk kan word.

■ Wat sal jy as 'n toekomstige brandpunt beskou?

Om op die voorpunt van nuwe Afrika-markte te wees (waarna ook as die tweede generasie van ontwikkelende markte verwys word). Ons is deel van Afrika en beter daartoe in staat om daarby betrokke te raak as internasionale instellings.

■ Word die Afrika-geleentheid nie oorskakel nie?

Nee, Afrika het die potensiaal vir beduidende groei deur invoervervanging, streekhandel, asook tradisionele uitvoermarkte. Soos in Asië en elders sal die private sektor die groei aandryf. Verskeie lande, soos Botswana, Namibië, Mosambiek, Nigerië, Angola, Ghana en Kenia storm vinnig voort.

Afrika se aandelemarkkapitalisasie was 'n paar jaar gelede minder as 20% van die bruto binnelandse produk. Dié syfer het intussen tot veel meer as 60% gestyg. Dis in groot mate 'n reaksie op die oplewing in kommoditeitspryse en vinnige vooruitgang in mynbou en olie.

Daarby bly ontluikende markte vir internasionale beleggers aantreklik, want hulle verteenwoordig 'n hoë opbrengskoeers vergeleke met ontwikkelde markte.

■ Hoe sal die SA fondsbedryf oor 'n dekade lyk?

Ek dink nie dit sal veel anders as vandag lyk nie. Sommige van die groter spelers sal dalk saamsmelt of om verskeie redes uitsak. Daar sal altyd 'n plek vir boetieke wees, en soos Coronation oor die afgelope 15 jaar of wat kan sommige aansienlik groter spelers word. Hul groot bydrae is dat hulle 'n duidelike beleggingsfilosofie volg, fyn ingestel is en tot die bedryf verbind is.

■ Wat is die vooruitsigte vir alternatiewebateplatforms?

Afrika sal waarskynlik beduidende geleentheid aan SA private ekwiteit bied. Die plaaslike verskansingsfondsbedryf sal bly groei, maar daar kan ook gesê word dat dit te lank te maklik was. Agterna beskou, moes verskeie fondse in die bedryf dalk in die eerste plek nie bestaan het nie. Daar kan waarheid steek in die stelling dat vergoedingsfilosofieë hul as beleggingstrategieë voorgedoen het!

■ As jou nuwe Londense kliënte jou om twee SA aandeelwenke sou vra, wat sal dit wees?

Waarskynlik MTN en BHP Billiton. MTN is 'n wêreldklasmaatskappy met uitstekende bestuur; dit is goedkoop en het 'n ordentlike dividendopbrengskoeers. Die slegte nuus oor hom het 'n beduidende koopgeleentheid geskep. Billiton is ook uiters goedkoop vir wat jy kry; ek reken dat dit op die huidige vlak selfs beter waarde as Anglo American bied – wat ook baie aantreklik is. ■